Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*

**WEEK 25 Deel 110**
**VRYDAG - 28 JUNIE 2019**

**www.heilbronherald.co.za**
**R5-00 (BTW ingesluit)**

# Nuwe erwe onder konstruksie



*Die konstruksie vir die water en riool retikulasie het in Januarie 2019 begin vir die bou van Phiritona uitbreiding nommer 10 nadat die terrein in November 2018 aan die kontrakteurs oorhandig is. Tans is die kontrakteurs en werkers nog besig om die hooflyne voor te berei waarin die water- en rioolpype gelê gaan word. Die konstruksiewerke behoort teen die einde van die jaar afgehandel te wees. Daarna sal die leë erwe afgebaken word en die voorbereiding vir die bou van eiendomme kan dan begin. Hierdie is nog net die beginfase van die projek. 1573 erwe sal dan gereed wees vir ontwikkeling. Heilbron Herald sal berig oor die volgende fase sodra daarmee begin word.*

## VEEsiektes

Die haarwurminfeksie by kleinvee is reeds in al nege provinsies sowel as in die Vrystaat aangemeld. Dit kom hoofsaaklik voor by herkouers soos skape en bokke. Boere kan vasstel of dié en ander inwendige parasiete by hul diere voorkom deur die vyfpunkontrolering toe te pas. Dit sluit in die neus, die oog se slymvlieskleur, diarree-evaluasiedagtelling, kwakkeel en die liggaamskondisietelling. Dit sal kan bevestig of diere individuele behandeling moet kry of die hele kudde behandel moet word. Uitwendige parasiete is ook deur veeartse in baie van die gebiede aangemeld. Sommige virusse kan nie noodwendig met antibiotika behandel word nie. Snotsiekte is in die Vrystaat aangemeld waarvoor daar geen entstowwe beskikbaar is nie. Boere word dus aangeraai om hul inentingsprogramme met plaaslike veeartse te bespreek.




*Op die kaart bo 'n gedeelte van die grafiese voorstelling van Phiritona vir ontwikkeling van uitbreiding 10.*

## MISDAADverslag

• Gedurende 24 en 26 Julie 2019 het diewe op die plaas Pitfontein tussen Heilbron en Edenville toegeslaan. Die verdagtes het toegang tot die plaashuis verkry deur 'n deur af te breek en oop te dwing. Hulle het die kluis met 'n "grinder" oopgesny, twee gewere en twee pistole gesteel, tesame met 'n TV en te voet op vlug geslaan. Daar word vermoed dat 'n motor hulle by die teerpad opgelaai het. Geen vingerafdrukke kon gevind word nie, maar daar is wel videomateriaal beskikbaar. Die polisie is tans besig om dit te ondersoek. Die hoeveelheid verdagtes wat betrokke was kon nog nie bepaal word nie - hulle is nog besig met met ontleding van die videomateriaal. Die huiseienaars was nie tuis tydens die voorval nie.


• Huisbrake in en om Heilbron bly steeds 'n probleem. Polisie vra die gemeenskap om op die uitkyk te wees vir enige ongeruimdhede en dadelik in verbinding met hulle te tree indien nodig.

Saam moet ons probeer om misdaad te voorkom!




**FRANKFORT VEILING**

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**
**Elke Donderdag**
**te Royal Auction Centre**



**Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:**
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

**BKB Louwid Noord:**
**"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"**

**AFSLAERS:** Posbus 220, Frankfort, 9830
**Tel:** 058 813 1071 **Faks:** 058 813 2317
**E-pos:** frankfort@bkblouwid.co.za
**Reg. No.** 2005/026173/07

**NAVRAE:**
Piet Boshoff 083 210 7135
**www.bkb.co.za**

BKB LOUWID

TATA HEILBRON

**VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!**
**NOU OOP VIR BESIGHEID!**

TATA HEILBRON

# HEILBRON Kliniek

• *Mosa Mtolo*

**WHAT HAPPENS TO THE BRAIN WHEN A PERSON TAKES DRUGS**

Most drugs affect the brain "reward circuit", causing euphoria as well as healing it with the chemical messenger dopamine. A properly functioning reward system motivates a person to repeat behaviours needed to thrive, such as eating and spending time with loved ones. Surges of dopamine in the reward circuit cause the reinforcement of pleasurable but unhealthy behaviours such as taking drugs, leading people to repeat the behaviour again and again.

As a person continues to use drugs, the brain adapts by reducing the ability of cells in the reward circuit to respond to it. This reduces the high that the person feels compared to the high they felt when first taking the drug - an effect known as tolerance. They might take more of the drug to try and achieve the same high. These brain adaptations often lead to the person becoming less and less able to desire pleasure from other things they once enjoyed, such as eating, sex, or social activities.

Long term use also causes changes in other brain chemical systems and circuits as well, affecting functions that include:

- Learning
- Judgement
- Decision-making
- Stress
- Memory
- Behaviour

Despite being aware of these harmful outcomes, many people who use drugs continue to take them, which is the nature of addiction.

# Grondeienaars moet betyds voorsiening maak

• *Heilbron Landbou*

Dit is alweer wintertyd en ongelukkig die tyd waarin veldbrande ontstaan. Boere/grondeienaars moet asseblief vroegtydig voorsiening maak om voorbrande, brandpaaie ens. te maak om die risiko te verminder.

(Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet No 101 van 1998)

Maak ook seker dat daar rondom werkershuise en ander geboue waar brande kan ontstaan, voorsorgmaatreëls getref word om brande te voorkom.

Versuim om gehoor te gee aan die bepalings van die Wet kan aanleiding gee tot siviele aanspreeklikheid.

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur 'n e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033. E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za Spertyd: Woensdae 10:00.**

# Aandag alle ouers!

• ***Heilbron Kliniek***

Na aanleiding van TB uitbraak in Koppies en Parys skole wil ons die ouers bewus maak van moontlike TB simptome.

**KINDERS MET TB SIMPTOME**

- Hoes vir meer as 2 weke sonder verbetering met behandeling.
- Aanhoudende koors vir 2 weke en meer.
- Onverklaarbare gewigsverlies.
- Uitputting (Altyd moeg).
- Nagsweet - deurdrenkend.

Kontak die naaste kliniek indien enige van hierdie simptome waargeneem word.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 5 | | 1 | | 2 | | 4 | 6 |
| 4 | | 1 | 6 | 5 | | | | |
| | 2 | | 9 | 7 | | | | |
| | | 6 | | | | | | |
| | | | 4 | 9 | | 5 | 3 | |
| 5 | | | 2 | 1 | | | 9 | 8 |
| | | 4 | 3 | | | | | 5 |
| | 1 | 5 | | | | | 6 | 9 |
| | | | 5 | | 1 | | 8 | 2 |

**SUDOKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

LILITHALETHU
Trading 41

**RE-ADVERT CONTRACT NO: HS-B01/2018/2019C_SUB (01): APPOINTMENT OF LOCAL BASED SUBCONTRACTORS FOR THE CONSTRUCTION OF WATER AND SEWER RETICULATION IN PHIRITONA EXTENSION 10.**

**T1.1 BID NOTICE AND INVITATION TO BID FOR SUB-CONTRACTING**

Lilithalethu Trading 41 invites Tenders for the appointment of **Local Based Subcontractors** for the Construction of Water and Sewer Reticulation in Phiritona Extension 10. This project is located in Heilbron of Ngwathe Local Municipality (NLM) in the Fezile Dabi District Municipality.

Tenderers should have a CIDB contractor grading designation of **1CE or higher**.

Preferences will be offered to tenderers who comply with the criteria stated in the Tender Data.

A compulsory briefing meeting will be held at Heilbron Municipal Office on **Monday, 01 July 2019 at 09am.** (Tender Documents will also be distributed during the meeting). **Late arrivals will not be allowed to participate in the meeting and their submissions shall be declared non-responsive.**

The closing time for receipt of tenders is 14h00 on **04 July 2019**

Submissions shall be sealed in an envelope marked with the bidders' address, Tender No. and Description and be deposited in the **TENDER BOX at Ngwathe Local Municipality** at the following address :

**Liebenburg Street**
**Parys**

**(The tender box is outside the building, ground floor and is accessible 24/7 a week).**

Bidders must take note of the following:

- Bidders to submit company profile;
- Bidders to submit Original Valid Tax Clearance Certificate;
- Bidders to submit CIDB Registration Certificate - grading as indicated above;
- Persons in the service of the state are not allowed to bid;

Enquiries relating to this bid documents and Technical enquiries should be directed to:

- Mr O Gombakomba (Main Contractor) @ Cell.: 073 380 1838 or E-mail: oliverg1@live.com
- Mr M Masuku (Project Engineer) @ Cell.: 073 0541374 or E-mail:605consulting@gmail.com

LILITHALETHU
Trading 41

**RE-ADVERT CONTRACT NO: HS-B01/2018/2019C_SUB (02): APPOINTMENT OF LOCAL BASED SUBCONTRACTORS FOR THE CONSTRUCTION OF WATER AND SEWER RETICULATION IN PHIRITONA EXTENSION 10.**

**T1.1 BID NOTICE AND INVITATION TO BID FOR SUB-CONTRACTING**

Lilithalethu Trading 41 invites Tenders for the appointment of **Local Based Subcontractors** for the Construction of Water and Sewer Reticulation in Phiritona Extension 10. This project is located in Heilbron of Ngwathe Local Municipality (NLM) in the Fezile Dabi District Municipality.

Tenderers should have a CIDB contractor grading designation of **2CE or higher**. Tenders from tenderers with a CIDB contractor grading designation of **1CE** or lower will not be accepted.

Preferences will be offered to tenderers who comply with the criteria stated in the Tender Data.

A compulsory briefing meeting will be held at Heilbron Municipal Office on **Monday, 01 July 2019 at 09am.** (Tender Documents will also be distributed during the meeting). **Late arrivals will not be allowed to participate in the meeting and their submissions shall be declared non-responsive.**

The closing time for receipt of tenders is 14h00 on **04 July 2019**

Submissions shall be sealed in an envelope marked with the bidders' address, Tender No. and Description and be deposited in the **TENDER BOX at Ngwathe Local Municipality** at the following address :

**Liebenburg Street**
**Parys**

**(The tender box is outside the building, ground floor and is accessible 24/7 a week).**

Bidders must take note of the following:

- Bidders to submit company profile;
- Bidders to submit Original Valid Tax Clearance Certificate;
- Bidders to submit CIDB Registration Certificate - grading as indicated above;
- Persons in the service of the state are not allowed to bid;

Enquiries relating to this bid documents and Technical enquiries should be directed to:

- Mr O Gombakomba (Main Contractor) @ Cell.: 073 380 1838 or E-mail: oliverg1@live.com
- Mr M Masuku (Project Engineer) @ Cell.: 073 0541374 or E-mail:605consulting@gmail.com

# EK HAAL AAN



Toe ek 'n jong tiener was, wou ek 'n goeie toespraak skryf. Natuurlik om die res van die klas te beïndruk. My gryse ou vader (toe nog nie so baie grys nie) het my gehelp, maar ook net totdat die agtuur nuus begin het. Toe was ek op my eie. Ek was desperaat om 'n aanhaling in my toespraak te gebruik, want dit is wat almal gedoen het. En ek wou soos almal wees.

Ek het iewers in die middel van die toespraak geskryf: "Iemand het eendag gesê: 'As jy die berg nie klim nie, sal jy die dal nie sien nie.'" Uiteindelik het ek 'n aanhaling gebruik, soos die ander slim kinders.

**EK WAS TROTS OP MY TOESPRAAK, MAAR DIE AANHALING IS TOTAAL UIT KONTEKS GEBRUIK.** Dit het nie vir my pa sin gemaak nie. Ek was vas oortuig dat dit vir my sin gemaak het. Heimlik het ek gebid dit sou vir ander mense sin maak, maar selfs my Afrikaanse onderwyseres het snaaks gefrons daaroor.

In daardie jare was daar dalk net een stel van die Wêreldkennisensiklopedie per straatblok in omloop: geen *Google* of ander soekenjin, geen internet. Net 'n biblioteek 'n paar kilometer van ons af. Ek kon dus nie genoeg inligting kry oor wie dit gesê het, wanneer dit was en in watter konteks dit was nie.

Snaaks genoeg: ek kan glad nie die toespraak onthou nie, maar ek onthou nou nog die aanhaling. Gaan *Google* dit: die beste aanhalings wat jou laat "slim" klink.

**HIER IS DIE TOP VYF:**

• *"There are only two great tragedies in life: one is not getting what you want and the other is getting it." -Oscar Wilde*

• *"Books say: She did this because. Life says: She did this. Books are where things are explained to you; life is where things aren't. I'm not surprised some people prefer books." -Julian Barnes*

• *"Thousands of candles can be lighted from a single candle, and the life of the candle will not be shortened. Happiness never decreases by being shared." -Buddha*

• *"Learn from yesterday, live for today, hope for tomorrow. The important thing is not to stop questioning." -Albert Einstein*

• *"Love takes off the masks that we fear we cannot live without and know we cannot live within." -James Baldwin*

Wanneer en hoe word die beste gebruik gemaak van aanhalings? Ek het by www.writingcentre.unc.edu gaan kers opsteek.

Die belangrikste is dat die aanhaling tydens 'n strategiese gekose moment in jou toespraak gebruik moet word. Beplanning is die sleutel.

Vervolgens moet die aanhaling in konteks gebruik word. Die spreker moet ook die konteks van die aanhaling aan die gehoor verduidelik. Belangriker nog: die gehoor moet verstaan hoe die aanhaling inpas by die toespraak.

Onthou om krediet aan die bron van die aanhaling te gee. Nie iets soos "hulle sê dat…" of "iemand het eendag gesê…" nie. Wees spesifiek oor wie dit wanneer gesê het.

Die spreker moet onthou om die aanhaling te verduidelik. Die luisteraars moet hòòr hoekom jy 'n spesifieke aanhaling gebruik. Nie almal weet hoe om aanhalings te gebruik sodat dit 'n onthou-oomblik word nie.

**DIS ASOF DIT 'N MODEGIER GEWORD HET**. Baie mense gooi 'n aanhaling tussenin. Luister veral na 'n sekere program op 'n Afrikaanse radiostasie: die program word afgesluit met 'n aanhaling deur een of ander persoon (wat meestal vir my baie onbekend klink) en soms klink die aanhaling ook sommer effens vaag.

Die ander dag het ons predikant ook twee aanhalings "randomly" in die preek ingegooi. Dalk het ander mense dit nie so "randomly" soos ek ervaar nie. Daar was iets van Shakespeare en toe nog iemand, wie ek nie kan onthou nie. Ek dink sy het desperaat probeer om die aanhaling te verduidelik, maar my brein wou dit nie verstaan nie.

Al wat ek uit die preek kan onthou, was dat die Skriflesing oor Psalm 8 gehandel het. Dit was dan seker die preek (en die aanhaling) werd, as ek die strekking van die Psalm kan onthou. Nietemin.

Dis so al asof ons ons eie woorde verloor het. Wanneer laas het iemand iets kwytgeraak wat jou regtig laat dink het? Ek praat nie van iemand wat geleerd is, of wie boeke geskryf het of wie alreeds beroemd is nie.

Wanneer laat het jyself so ver gedink om iets te sê wat regtig sin maak, wat diep is en waarna jy kan terugverwys? Dalk is daardie dae lank se tyd al verby.

**HET ONS DALK TE BANG GEWORD OM IETS TE SÊ WAT DIE MOEITE WERD IS?** Of dink ons nie meer aan ons woorde nie? Dalk is dit net makliker om met iemand anders se kalwers te ploeg.

(Interessant: ek het dit die ander dag weereens in Rigters 14 gelees. Toe Simson agterkom dat sy vrou die antwoord van die raaisel aan die 30 jong mans gegee het, het hy vir hulle gesê: "Julle het met my geploeg, anders sou julle nie die antwoord op my raaisel gevind het nie!" – Afrikaanse 1983 vertaling)

Ek het toe gaan nalees oor my aanhaling: dit word toegeskryf aan twee persone.

Ricardo Eliécer Neftalí Reyes Basoalto (12 Julie 1904 – 23 September 1973), kon dit eerste gesê het. Hy is ook bekend as Pablo Neruda, 'n Chileense digter, diplomaat en politikus en het blykbaar op die ouderdom van 13 begin dig. Hy het 'n aantal surrealistiese gedigte geskryf, historiese verhale, politieke verklarings en nog baie ander skrywes.

Dit kon ook deur Harvey Mackay neergepen wees. Hy is in 1932 gebore. Hy is 'n besigheidsman, skrywer en hanteer 'n weeklikse rubriek waarin hy loopbaanraad en inspirasie aan sy lesers gee. Ek gaan lees toe meer oor mnr. Mackay. Daar is 'n hele handvol interessante aanhalings. Een aanhaling trek my aandag: "The smarter I get, the more I realize I'm not finished learning."

En aangesien ek Smart is (dis regtig my van), weet ek: daar is nog so baie om te leer.

Sela.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Sin Kol: Vennootskappe: NGKA Vrystaat

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 2 & 3

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30. Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

# GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum vir Bejaardes Reitz**


**Program vir week**

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**


Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



## GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

E-POS ADRESSE
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

### WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 29 Junie | 4 / 22 | Sonnig |
| So 20 Junie | 4 / 20 | Sonnig |
| Ma 1 Julie | 7 / 18 | Sonnig |
| Di 2 Julie | 2 / 16 | Sonnig |
| Wo 3 Julie | 3 / 20 | Sonnig |
| Do 4 Julie | 4 / 20 | Sonnig |
| Vr 5 Julie | 4 / 20 | Sonnig |
| Sa 6 Julie | 2 / 20 | Sonnig |
| So 7 Julie | 2 / 19 | Sonnig |
| Ma 8 Julie | -1 / 17 | Sonnig |
| Di 9 Julie | -3 / 14 | Sonnig |

## DIENSTE

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
*PLEK: N.G Kerksaal (Suid)*

- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en lang naweek).
- 26 November 2019




## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman 083 292 1503**

### BAAL VAN OESRESTE
Baal van mielie-reste of bone.
Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### HEILBRON KLINIEK
Griepspuite nou beskikbaar by kliniek.

### T800 EXECUTIVE VISITORS CHAIR IN BLACK BONDED LEATHER.
**Bright Aluminium Frame**
**- R2 995 Vat included. 3 year warrantee excludes normal "wear & tear" - *While stocks last.***



Herald Office National
**Elsstraat 44**
**Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: john@heilbron.co.za**

### JAAR-BEPLANNER

**AUGUSTUS**
*2-3 Boeretreat*
*21 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**SEPTEMBER**
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis-en Tuinbouklub vergadering*

### *Ons hoor graag van jou*
Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

### BESIGHEIDSURE
**MAANDAE TOT DONDERDAE**
07:30 tot 17:00
**VRYDAE -** 07:30 tot 16:30
**SATERDAE -** 08:30 tot 13:00

*Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.*

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
*Vir die beste transaksies en diens*
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**


## TE KOOP




**Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00.**

### TUPPERWARE TE KOOP
Vir bestellings kontak
**Jolandri 079 846 1075**

### DRINGEND OP SOEK NA TARENTALE OM TE KOOP
Guinea-fowl tarentale.
**Skakel asb dr Moshane 082 339 1776 of 082 960 9005**
K1676



## KENNISGEWING

### KENNISGEWING
In die boedel van wyle **ANNA BERNADINA VILJOEN,** Identiteitsnommer: 430919 0020 08 2, 'n pensioenaris, in lewe woonagtig te Huis Emily Hobhouse, 5de Straat 6, Koppies, Vrystaat.
**Boedelnommer: 5782/2018**
**Datum van afsterwe: 11 Februarie 2018**
Alle persone met vorderinge teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die betrokke Eksekuteur(s) inlewer.
Geteken te Vereeniging op hierdie 14de dag van Junie 2019.
**(GET) LW VAN WYK**
**DE KLERK, VERMAAK & VENNOTE ING.**
**(PROKUREUR VIR EKSEKUTEUR)**
**1STE VLOER, ORWELL PARK - BLOK 3**
**ORWELLRYLAAN, DRIE RIVIERE**
**VEREENIGING**
**POSBUS 338, VEREENIGING, 1930**
**TEL:016 454 0222**
**VERW: LW VAN WYK/RA/L02456**

### KENNISGEWING
Kennisgewing in die **BOEDEL VAN JACOBA JOHANNA WESSELS,** Identiteitsnommer: 320215 0001 08 8 in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Woonstel 24, Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810, ongetroud.
**Datum van afsterwe: 26 Januarie 2018**
**Boedelnommer: 002132/2018**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste Aanvullende Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

### KENNISGEWING
Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE MARY ALICE BECKER,** Identiteitsnommer: 311108 0077 08 6 in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Residentia, Panorama, Bethlehem, 9701, Ongetroud.
**Datum van afsterwe: 28 April 2018**
**Boedelnommer: 005081/2018**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof Bloemfontein, en die Landdros te Bethlehem vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

### ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

Herald Office National
Our workwear catalogue puts your
# SAFETY FIRST

HOW TO CHOOSE YOUR CONTI SUIT

POLY COTTON BUDGET CONTI SUITS (CS-BPC)
- Strong durable fabric
- Standard cut
- Hold its shape well
- Does not wear well in heated areas
- Has good colour fastness qualities

SUPREME POLY COTTON (CS-SPC)
- Strong durable fabric
- Generous cut
- Holds it shape well
- Does not wear well in heated areas
- Has good colour fastness qualities

BUDGET 100% COTTON (CS-BC)
- Standard cut
- Good cooling properties
- Allow for 5% shrinkage
- Fading may occur
- Environmentally friendly fabric
- Breathable fabric
- Wears well in heated areas
- Non static fabric

SUPREME 100% COTTON (CS-SC)
- Generous cut
- Good cooling properties
- Allow for 5% shrinkage
- Fading may occur
- Environmentally friendly fabric
- Breathable fabric
- Wears well in heated areas
- Non static fabric

ACID RESISTANT POLY COTTON (CS-APC)
- Resistant to certain acids and alkalis
- Not resistant to battery acid, sulphuric acid, hydrofluoric acid and certain other acids
- Strong durable fabric
- Standard cut
- Hold its shape well
- Does not wear well in heated areas
- Has good colour fastness qualities

D59 FLAME AND ACID RETARDANT (CS-D59)
- SABS approved
- Heavy duty cotton fabric
- Acid retardant
- Resistant to certain acids and alkalis
- Not resistant to battery acid, sulphuric acid, hydrofluoric acid and certain other acids
- Flame retardant
- Generous cut
- Allow for 5% shrinkage
- Fading may occur
- Additional protection to be worn when welding i.e.: chrome leather apron, gloves and spats



Contact us now to view our expanded catalogues for multiple workwear options.
058 852 3033 | marketing@heilbron.co.za Heilbron Herald

# Young Fighters FC eyes for SAB League

Heilbron – Young Fighters FC has their fingers crossed to gain promotion to the SAB Regional League in the Fezile Dabi stream. The SAB regional play-offs are scheduled to take place in Metsimaholo on Saturday, June 29.

The Heilbron-based side were crowned champions at the conclusion of the Ngwathe Local Football Association (LFA) Premier League playoffs on Sunday, 23rd June 2019 in Heilbron and will be contesting at the LFA Playoffs for a spot in the SAB league for next season.

The winners of the different Local Football Associations' (LFA) premier leagues from around Fezile Dabi will meet in the playoffs that are going to be hosted at Sasolburg, to fight for promotion into the Fezile Dabi SAB League – the fourth-tier – for the 2019/2020 season.

Some of the teams Young Fighters FC (Ngwathe) will be up against in the playoffs are from Metsimaholo (Nicaraco FC), Mafube (Black Burn) and Moqhaka (Mighty Flowers).

Only two teams will gain promotion to the SAB Regional League – Fezile Dabi stream next season.

Young Fighters FC was founded in the year 2013 and is currently coached by Hlaole Motaung, former professional player who played for the original Classic FC in the Premiership. Coach Motaung took over from coach Kgotso "Robinho" Mokoena in the middle of the 2017/2018 season and has put the club into greater heights.

Since the legendary soccer star has taken over the coaching reins at Young Fighters, the Club has done extremely well domestically. His expertise knowledge of the game made the team grow from strength to strength in a highly competitive Heilbron football environment.

Coach Motaung is well respected and regarded in soccer circles, came to the Club with a wealth of experience having had stints with Tembisa Classic FC (sold its PSL license to Maritzburg United), Yizo Yizo, Blackburn Rovers and the Eastern Cape based FC Buffalo, to mention a few.

**RESULTS – Ngwathe Premier League Playoffs**

Sunday, 23 June 2019 - Heilbron

• Semi Final 1: Counters FC [Parys] 1 – 2 Arsenal [Edenville]

• Semi Final 2: Young Fighters [Heilbron] 6 – Arrows [Vredefort]

• Third-Place Playoff: Arrows FC [Vredefort] 0 – 1 Counters FC [Parys] (Bronze)

• FINAL: Young Fighters [Heilbron] (Gold) 2 – 0 Arsenal [Edenville] (Silver)




## HEILBRON SOCCER LEAGUE (The HSL) FINAL STANDINGS – 2018/2019 season

| Pos | Club | P | W | D | L | F | A | GD | PTS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Young Fighters | 30 | 25 | 2 | 3 | 88 | 16 | 72 | 77 |
| 2. | Phiritona Stars | 30 | 22 | 5 | 3 | 66 | 16 | 50 | 71 |
| 3. | Barcelona | 30 | 19 | 8 | 3 | 64 | 25 | 39 | 65 |
| 4. | Black Swallows | 30 | 16 | 7 | 7 | 69 | 36 | 33 | 55 |
| 5. | Abagerezi | 30 | 15 | 9 | 6 | 35 | 24 | 11 | 54 |
| 6. | Free State United | 30 | 15 | 8 | 7 | 60 | 28 | 32 | 53 |
| 7. | Papi United | 30 | 15 | 8 | 7 | 47 | 29 | 18 | 53 |
| 8. | FC Wine | 30 | 14 | 4 | 12 | 43 | 42 | 1 | 46 |
| 9. | Golden Stars | 30 | 10 | 10 | 10 | 55 | 37 | 18 | 40 |
| 10. | Real Tigers | 30 | 8 | 9 | 13 | 42 | 57 | -15 | 33 |
| 11. | Milano | 30 | 6 | 8 | 16 | 33 | 43 | -10 | 26 |
| 12. | Junior Rabbits | 30 | 7 | 5 | 18 | 27 | 67 | -40 | 26 |
| 13. | CJB United | 30 | 6 | 4 | 20 | 37 | 92 | -55 | 22 |
| 14. | Aha Real Masters | 30 | 4 | 5 | 21 | 35 | 72 | -37 | 17 |
| 15. | Dinare | 30 | 4 | 3 | 23 | 29 | 77 | -48 | 15 |
| 16. | AC Milan | 30 | 3 | 1 | 26 | 24 | 95 | -71 | 10 |

*The HSL is currently looking for sponsors to revive our local league – interested parties can contact Mr Tshepo Sekese, the Chief Administrator of the Heilbron Soccer League, at either 073 352 0160 (WhatsApp enabled) or through electronic mail at isekese@hotmail.com*

*Heilbron Soccer League | https://the-hsl.co.za | Facebook: fb.me/hbnsoccer*

# Gelukkige wenners




*Hier is week twee se wenners van Buffalo Valley Spur in Heilbron. Op die foto bo is Nola Gerber en Danie Labuschagne in hul Castle Draught Cricket wêreldbeker trui wat hulle gewen het. Daar is nog drie weke oor vir jou om ook in een van hierdie truie te kan spog. Die reëls van die kompetisie is in verlede week se Herald beskikbaar.*

# Wen met woorde

## *Neem deel aan SPUR se woordsoektog*

As jy aan die volgende vereistes voldoen dan is hierdie kompetisie net vir jou. Mamma's, help jou kind en soek die volgende 11 woorde in die woordsoek hier langsgaan en staan 'n kans om 'n Kiddies Meal geskenkbewys te wen. Die reëls is maklik en eenvoudig: Kinders moet tussen die ouderdom van vier tot 12 wees om deel te neem. Soek al die woorde, knip die woordsoek uit en gaan gee dit in by Buffalo Valley Spur Heilbron. Slegs woordsoeke wat uit die Heilbron Herald uitgeknip is, word aanvaar. Vul jou naam, telefoonnommer en ouderdom op die woordsoek in sodat jy gekontak kan word indien jy 'n wenner is. Die eerste 20 kinders wat aan die vereiste voldoen en die woordsoek by die Spur gaan aflewer, sal 'n Kiddies Meal geskenkbewys ontvang. Op jul merke, gereed, soek!



# SPORTverslag

# Bokke wag vir wenners

Die jaarlikse Bokkedag by Heilbron Gholfklub het vandag afgeskop en daar gaan sowat 80 spelers oor twee dae meeding vir 16 karkasse wat op die spel is. Gholfers kom elke jaar van ver af om aan dié dae deel te neem.

Verlede Saterdag het Heilbronners ook hulle deel vir KANSA gebring en daar was sowat 28 spelers wat gespeel het. Daar was ook 'n suster aan diens vir dié wat wou bloed trek vir 'n jaarlikse prostaattoets. Charl van Niekerk van KANSA het die belangrikheid van so 'n dag beklemtoon en wat die Nasionale Sanlam KANSA-dag inbring. Daar was ook 'n veiling van 'n paar items en die geld is vir KANSA geskenk.

**Die uitslae van soos volg:**

• A-Afdeling: Z Moholo 38, J Leonard 34, G Muller 31.

• B-Afdeling: O Oberholzer 38, E Stander 38, N van der Walt 38.

• C-Afdeling: W Rautenbach 34, P van Staden 33, J Lombard 32.

• Dames-Afdeling: L Pretorius 30, C Adlem 29 en C Davis 29.



Wenners van die Sanlam KANSA uitdaag rondte op Heilbron soos volg agter vl: Gerrie Muller (Klubkaptein), Charl van Niekerk (KANSA) en Wiam Rautenbach (C-afdeling). Voor vl: Obie Oberholzer (B-afdeling), Willie Pretorius (Hoogste bod op bottel wyn) en Loraine Pretorius (Dames afdeling).


## Saterdag 29 Junie 2019

| TYD | SPELERNAME | |
|---|---|---|
| 7:00 | | |
| | | |
| 7:08 | | |
| | | |
| 7:16 | | |
| | | |
| 10:00 | | |
| | | |
| 10:08 | | |
| | | |
| 10:16 | | |
| | | |
| 10:24 | | |
| | | |
| 10:32 | | |
| | | |
| 10:40 | | |
| | | |
| 10:48 | | |
| | | |

| TYD | SPELERNAME | |
|---|---|---|
| 10:56 | | |
| | | |
| 11:04 | RSA | RSA |
| | RSA | RSA |
| 11:12 | J. REYNDERS | J. NELSON |
| | J. REYNDERS | K. WEILBACH |
| 11:20 | J. BRYUNS | J. SAUER |
| | C. SCHUTTE | A. WATSON |
| 11:28 | J. WATSON | W. RAUTENBACH |
| | H VD MERWE | P VD MERWE |
| 11:36 | L. STRYDOM | D. JACOBS |
| | N VD WALT | D. JACOBS |
| 11:44 | E. ELS | O. OBERHOLZER |
| | J. LEONARD | W. VENTER |
| 11:52 | E. STANDER | D. JACOBS |
| | D VD MESCHT | D. JACOBS |
| 12:00 | G. MULLER | Z. MHOLO |
| | W. PRETORIUS | S. MALOKA |
| 12:08 | F. HEYMANS | S. SERITI |
| | H. KIESER | RAGETSI |

| TYD | SPELERNAME | |
|---|---|---|
| 12:16 | J. NHLAPO | L. MOLUSI |
| | K. MOROTOLO | J. LOMBARD |
| 12:24 | | |
| | | |
| 12:32 | | |
| | | |
| 12:40 | | |
| | | |
| 12:56 | | |
| | | |
| 13:04 | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

# DUIWEKLUBNUUS



Verlede Saterdag se wedvlug was vanaf Dewetsdorp oor 'n afstand van 280km. Die duiwe se gemiddelde spoed was 84km/h. Die weer en winde was in hulle guns, gevolglik het hulle vinnig op mekaar hier aangekom. Zenith het die 1ste Jaaroud duif geklok en Danie Els die Ope Duif.

**DEWETSDORP JO**

1. Zenith B, 2. D Els, 3. Zenith A, 4. Zenith B, 5. F Viviers, 6. Zenith B, 7. Stemmett Hokke, 8. Stemmett Hokke, 9. Zenith A, 10. Stemmett Hokke.

**DEWETSDORP OPE**

1. D Els, 2. F Viviers, 3. D Els, 4. Zenith A, 5. F Viviers, 6. Zenith B, 7. Crause & Seun 8. Zenith A, 9. Zenith A, 10. Zenith A.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

# "Om die Koppie" hindernis

## Kom dans saam in "Mexico"

Heilbron Ruiterklub nooi almal uit na hulle jaarlikse Julie geleentheid, hierdie jaar genome "Om die Koppie" te Vegkopterrein. Vir die "Dress Up" besluit jy op jou eie tema, gepas vir die dag.

Ruiters skryf hierdie jaar in as 'n span van twee. Die roete van ongeveer 15km skop af by die Vegkopterrein met 'n kort hindernisbaan. Dit strek dan oor die koppie en verby Enkeldoringdam en dan terug na die Vegkopterrein. Daar sal weer ietsie te ete en te drink te koop aangebied word op die terrein.

Heilbronners kan gerus hulle dansskoene solank afstof en die dag kom afsluit saam met die ruiters met 'n heerlike dans. Bring 'n mandjie met eie eet-, drinkgoed en eetgerei saam. Vure sal ook beskikbaar wees vir diegene wat wil braai.




BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 1 JULIE 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 2 JULIE 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

DONDERDAG - 4 JULIE 2019
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

VRYDAG - 5 JULIE 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID